



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY  
jou kennisvennoot • your knowledge partner

## **US BIBLIOTEEDIENS**

**2004 JAARVERSLAG**



US Biblioteekdiens, Privaatsak X5036, Stellenbosch 7599, Suid-Afrika  
Tel.: +27 (0)21 808 4876 Faks: +27 (0)21 808 4633 Web: <http://www.sun.ac.za/library>

## INHOUD

1	INLEIDING	4
2	BESTUUR VAN VOORRAAD	5
2.1	Aankoop van voorraad	5
2.1.1	Fondsverdeling	5
2.1.2	Strategie vir die Millennium: oorgang na elektroniese inligtingsdraers	6
2.1.3	Artikel-op-aanvraag projek	6
2.1.4	Materiaalbegroting	6
2.2	Ontwikkeling van die voorraad	7
2.2.1	Groei van die voorraad	7
2.2.2	Universiteit van Wes-Kaapland Tandheelkunde Fakulteit	8
2.2.3	Departementele versameling van Geografie verskuif	8
2.2.4	Digitalisering van die Aucamp plateversameling	8
2.2.5	Ontsluiting van bronne	9
2.2.6	Spesiale versamelings: Musiekbiblioteek	9
2.3	Benutting van die voorraad	10
2.3.1	Databasisse	10
2.3.2	Tradisionele media	10
2.3.3	Interlenings	11
3	KLIËNTEDIENSTE	12
3.1	Bronverskaffing	12
3.1.1	Selfuitreikeenheid (SUE)	12
3.1.2	Leningskennisgewings aan kliënte	12
3.1.3	Direkte interleningsaanvrae	13
3.1.4	Dienslewering aan nie-universiteitslede	13
3.1.5	Dienslewering aan CALICO-kliënte	14
3.2	Inligtingverskaffing	14
3.2.1	Navrae	14
3.2.2	Inligtingtingsgeletterdheid	14
3.2.3	Opleiding	15
3.2.4	Individuele kliënte-opleiding	16
3.2.5	Ask a Librarian (QuestionPoint)	17
3.2.6	Studentebystandsdiens	17
3.2.7	Vakgidse	18
3.2.8	Dienste vir afstandstudente	18
3.2.9	INFOBANK	18
3.2.10	Siggestremdes	19
4	Informasietegnologie	19
4.1	Drukkerstelsel	19
4.2	Katalogus	20
4.3	ALEPH-opgradering	20
4.4	Toerusting	20
4.5	Samewerking met die Departement Informasietegnologie	20
5	STRATEGIESE AANGELEENTHEDE	21
5.1	Personeelverminderingsprojek	21
5.2	Gehalteversekering	21
6	BEMARKING	22
7	MENSLIKE HULPBRONNE	23
7.1	Personeelomset	23

7.2	Opleiding en ontwikkeling	23
7.3	Spesiale erkenning	25
7.4	Prestasiebestuur	25
8	SIMPOSIUM	26
9	BIBLIOTEEKKOMITEE	26
10	FASILITEITE	27
10.1	Gesondheidswetenskappe Biblioteek	27
10.2	Bronverskaffingsafdeling: JS Gericke Biblioteek	27
10.3	Teologiebiblioteek	28
10.4	Ingenieursbiblioteek	28

#### TABELLE

Tabel 1: Model vir die hantering van biblioteekbegrotings vanaf 2005	5
Tabel 2: Wisselkoers van buitelandse geldeenhede	7
Tabel 3: Gemiddelde boekpryse, volumes aangekoop, bedrae aan boeke bestee	7
Tabel 4: Groei en omvang van die versameling	7

#### GRAFIEKE

Grafiek 1: 2004 Benutting van databasisse	10
Grafiek 2: Totale aantal uitreikings 2000-2004	11
Grafiek 3: Totale interlenings 2000-2004	11
Grafiek 4: SUE Gemiddeld maandelikse uitreikings	12
Grafiek 5: Totale aantal persone opgelei per fakulteit	16
Grafiek 6: Afstandstudente: Inkomste en uitgawes	18
Grafiek 7: INFOBANK-ledetal en ledegeld 1994-2004	19

## 1. INLEIDING

Die herposisionering van die Biblioteekdiens binne die nuwe inligtingswêreld is 'n voortdurende proses met die oorgang van die papiermedium na volteks elektroniese inligting en die effektiewe benutting van informasietegnologie as belangrike uitvloeisels. Die Biblioteekdiens probeer om sover moontlik die impak van dié nuwe inligtingswêreld en veranderinge in die Hoër Onderwys te antisipeer asook om die implikasies daarvan vir dienslewering te bepaal en terselfdertyd aan te pas by die strategiese inisiatiewe van die Universiteit.

Van die belangrikste sake wat in die 2004 verslag uitgelig kan word, is:

- 'n Nuwe toedelingsmeganisme word deur die Biblioteektoedelingstaakspan, met Prof AS van Jaarsveld as sameroeper, ontwikkel wat die biblioteektoekenning 'n integrale deel van die begrotingsproses binne fakulteite maak.
- Die strategie met betrekking tot die oorskakeling vanaf die papier- na die volteks elektroniese medium vorder goed in 2004. 'n Groot aantal papiergebaseerde tydskriftitels word gekanselleer en/of met elektroniese weergawes vervang.
- 'n Positiewe wisselkoers en 'n voortgesette behoefte by departemente aan boeke as inligtingsbronne lei tot 'n styging van 14.5% in die aantal volumes wat aangekoop word.
- Boekmateriaal groei bestendig terwyl toegang tot elektroniese materiaal beduidend toeneem.
- Die gebruikstatistiek van databasisse verdubbel feitlik terwyl uitreikings van tradisionele materiaal met 10% afneem.
- Interleningtransaksies neem af met 17% ten opsigte van aanvrae vanaf eie kliënte en 23,5% ten opsigte van aanvrae vanaf ander biblioteke.
- Die Biblioteekdiens maak goeie vordering om gehalteversekering soomloos met biblioteekwerkzaamhede te integreer en om inisiatiewe in plek te stel wat die Biblioteekdiens in lyn hou met die oorhoofse strategie van die Universiteit.
- Die sewende jaarlikse simposium sluit by gehalteversekering aan met die titel: "Getting beyond the starting blocks: quality assurance issues at academic libraries".
- 'n Nuwe pos word ingestel om die inligtingsgeletterdheidsfunksie van die Biblioteekdiens met dié van die Universiteit in pas te bring. Hierdie pos behels die ontwikkeling, koördinerende en organisering van die opleidingsfunksie in die Biblioteekdiens en die integrering daarvan met akademiese programme asook skakeling met universiteitsdepartemente met betrekking tot inligtingsgeletterdheid.
- Vier personeellede deel kundigheid deur referate en praktiese opleidingsessies wat nasionaal en internasionaal aangebied is.

## 2. BESTUUR VAN DIE VOORRAAD

### 2.1 Aankoop van voorraad

#### 2.1.1 Fondsverdeling

'n Nuwe toedelingsmeganisme is deur die Biblioteektoedelingstaakspan ontwikkel wat, met prof AS van Jaarsveld as sameroeper, in Februarie 2004 hulle verslag voltooi het. Die verslag is vervolgens deur die Biblioteekkomitee van die Senaat, US Bestuurspan en die Uitvoerende Komitee van die Senaat (UKS) goedgekeur.

Die uitdaging aan die taakspan was om ? koste-effektiewe toedelingsmodel te ontwikkel wat dienslewering aan die akademiese gemeenskap sal verseker; sentrale bedinging op streeks- en nasionale vlak met verskaffers sou kon akkommodeer; en genoegsame insentiewe vir sinvolle besparing deur akademiese omgewings insluit.

Die onderstaande model van die Biblioteektoedelingstaakspan beeld die beginsels uit van die hantering van die biblioteekbegroting vanaf 2005.

Tabel 1: Model vir die hantering van die biblioteekbegroting vanaf 2005

Sentrale biblioteekbegrotings-komponente (G)				Fakulteite bepaalde begrotings-komponente (F)				
Item 1	N-lys	E-lys	EH-lys	Item 2	H-lys	EE-lys	V-lys	Item 3
<b>Kernbegroting</b> (personeel, instandhouding, lopende uitgawes, ens.)	<b>Naslaanwerke</b>	<b>Elektroniese pakkette (Joernale, ens.)</b>	<b>E-pakketgekoppelde hardekopie joernale</b>	<b>Boeke</b>	<b>Slegs harde kopie joernale</b>	<b>Enkelinskrywing E-joernale</b>	<b>Volgwerke</b>	<b>Artikel op aanvraag</b>
Biblioteek insentief om e-aanbod te verbeter, te rasionaliseer, met verskaffers en streeksvennote te onderhandel				Omgewingsinsentief om inskrywings te rasionaliseer				

*Iterasie* (between E-lys and EH-lys)

*Iterasie* (between Item 2 and EE-lys)

**Bepaal gebruik deur "bereid om te betaal" beginsel** (in a callout box pointing to the V-lys and Artikel op aanvraag cells)

Met die implementering van die fondsverdelingsmeganisme sal die biblioteektoekenning ? integrale deel vorm van die begrotingsproses binne fakulteite.

Die begrotingsproses vir 2005 het egter reeds 'n aantal probleemareas opgelewer wat in 2005 aangespreek sal word.

#### 2.1.2 Strategie vir die Millennium: oorgang na elektroniese inligtingsdraers

Die implementering van die *Strategie vir die Millennium: oorskakeling na die elektroniese inligtingsomgewing* is voortgesit met die kansellering van 466 papiertydskrifsubskripsies waarvan die titels volteks in databasisse beskikbaar is. 'n Verdere 216 enkelpapiersubskripsies is vervang met goedkoper subskripsies vir elektroniese weergawes, met die behoud van byvoorbeeld slegs enkele papiergebaseerde tydskriftitels wat volteks deur middel van die Science Direct databasis beskikbaar is.

Die Biblioteekdiens verleen nou, deur middel van 'n alfabetiese webgebaseerde lys, toegang tot 13 265 elektroniese tydskriftitels wat volteks elektronies beskikbaar is. Die lys sluit enkelsubskripsies in; titels wat volteks in verskillende databasisse gedek word ; asook tydskriftitels waarvan die toegang tot die elektroniese weergawes gratis beskikbaar is saam met die papiersubskripsies.

Dit was opmerklik dat akademiese personeel met die 2004 oorskakelingsproses van papier- na elektroniese formaat groter kundigheid oor en vertroue in die elektroniese inligtingsomgewing openbaar het as in die verlede.

#### 2.1.3 Artikel-op-aanvraag projek

Die artikel-op-aanvraag projek, wat van stapel gestuur is om akademiese personeel tegemoet te kom ten opsigte van die besnoeiings van die *Strategie vir die Millennium: oorskakeling na die elektroniese inligtingsomgewing*, is voortgesit. Daar was egter van meet af aan 'n aanname dat daar nie groot getalle artikels uit veral gekanselleerde titels aangevra sou word nie en dat die projek nie 'n groot impak op die biblioteekbegroting sou hê nie. Hierdie aanname was korrek aangesien daar nie op grootskaal van hierdie diens gebruik gemaak is nie. Geen artikels is uit gekanselleerde tydskriftitels aangevra nie, terwyl slegs 13 artikels teen 'n koste van R3 385-00 aangevra is uit vier nuwe tydskriftitels waarop daar 'n moratorium was.

## 2.1.4 Materiaalbegroting

'n Positiewe wisselkoers (Tabel 2) en 'n voortgesette bewese behoefte by departemente aan boeke as inligtingsbronne het die gevolg gehad dat 9037 volumes teen 'n totale bedrag van R3 914 554 aangekoop is. Die gemiddelde aankoopprys per volume was R433-16. In geheel het die aantal volumes wat aangekoop is 'n styging van 14.5% getoon in vergelyking met die vorige jaar (Tabel 3).

Die Biblioteekdiens het 934 bestellings teen 'n beraamde koste van R439 449 uit sy aanvullingsfonds addisioneel tot die normale jaarlikse toekenning bekostig.

Departemente word voortdurend aangemoedig om aanbevelings vir aankope deurlopend deur die jaar in te stuur ten einde die volledige begroting te kan benut en om te verhoed dat opeenhopings veroorsaak dat aanbevelings nie geprosesseer kan word nie.

## 2.2 Ontwikkeling van die voorraad

### 2.2.1 Groei van die voorraad

Boekmateriaal het, soos in Tabel 4 aangedui, gedurende 2004 bestendig gegroei met 13 368 items wat by die voorraad gevoeg is. Toegang tot elektroniese materiaal het uiteraard ook beduidend toegeneem en behels tans in totaal ongeveer 13 265

Tabel 2: Wisselkoers van buitelandse geldeenhede

	GBP	USD	EURO
1996	6.86	4.4	
1997	7.67	4.85	
1998	10.5	6.36	
1999	9.78	6.19	
2000	10.53	6.95	6.64
2001	11.76	8.28	7.19
2002	15.95	10.24	10.18
2003	12.47	7.64	8.73
2004	12.05	6.56	8.18

Tabel 3: Gemiddelde boekpryse, volumes aangekoop, bedrae aan boeke bestee

	Gemiddelde aankoopprys (Rand)	Aantal volumes aangekoop	Bedrag bestee (Rand)	% Volumes aangekoop
1994	140.79	9 871	1 389 692	-8.04
1996	200.66	7 693	1 543 713	-10.3
1998	251.62	6 436	1 619 406	+6.4
2000	401.44	8 240	3 307 825	-11.58
2002	649.8	6 592	4 283 506	-26.02
2004	433.16	9 037	3 914 554	+14.47

Tabel 4: Groei en omvang van die versameling

	2001	2002	2003	2004
Boekmateriaal	634 250	641 307	650 922	664 290
Ander materiaal	35 023	35 201	35 593	35 670
Lopende tydskrifte	5 290	5 229	4 945	4 515

elektroniese tydskriftitels en meer as een honderd elektroniese databasisse.

Belangrike byvoegings wat in 2004 tot hierdie medium gemaak is, is onder andere:

- Elektroniese WAT - Elektroniese Woordeboek van die Afrikaanse Taal
- Journal citation reports (JCR) – Evaluering en vergelyking van vaktydskrifte
- Music in print series – Bibliografiese databasis vir bladmusiek
- Gartner – Bestuursoplossings vir informasietegnologie probleme
- Gale virtual reference library – Boeke in elektroniese formaat

#### 2.2.2 Universiteit van Wes-Kaapland Tandheelkunde Fakulteit

Die samesmelting van die Universiteit se Skool vir Mondheelkunde en die Fakulteit Tandheelkunde van die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) is in 2004 gefinaliseer. Volgens die samesmeltingsooreenkoms sal UWK Tandheelkunde-personeel en –studente die Mondheelkunde versameling by die Gesondheidswetenskappe Biblioteek gebruik en US identiteitskaarte is aan hierdie kliënte uitgereik om toegang tot en uitreiking van materiaal moontlik te maak.

Daar is ook ooreengekom dat afstandsdienste aan UWK Tandheelkunde-studente vir die duur van 2004 deur die personeel van die Gesondheidswetenskappe Biblioteek gelewer word. UWK het 'n fooi van R200-00 per afstandstudent betaal vir biblioteekdienste en bedryfsuitgawes, soos faksie, fotokopieë en interlenings. UWK het ook pro rata bygedra tot die salarisse van die betrokke biblioteekpersoneel.

Die lopende subskripsies van alle bestaande Mondheelkunde tydskriftitels waarvan die administrasie nog gedurende 2004 deur die Biblioteekdiens hanteer is, maar deur die UWK bekostig is, is aan die einde van 2004 deur die Biblioteekdiens gekanselleer en herintekening op hierdie titels sal vanaf 2005 deur UWK hanteer word.

#### 2.2.3 Departementele versameling van Geografie verskuif

Die huidige tendens by fakulteite om hulle departementele biblioteekversamelings te sentraliseer, is voortgesit met die verskuiwing van die Geografie versameling na die JS Gericke Biblioteek in September 2004. 'n Omvattende uitdunning van ou en/of ongebruikte materiaal, wat deur die Departement geïnisieer is, is uitgevoer en slegs materiaal wat deur die Departement as relevant en noodsaaklik beskou is, is na die JS Gericke Biblioteek verskuif.

#### 2.2.4 Digitalisering van die Aucamp-plateversameling



Die digitalisering van die unieke plateversameling wat deel uitmaak van die groter Hennie Aucamp-kabaretversameling is in 2004 voltooi met fondse wat deur die Biblioteekdiens hiervoor beskikbaar gestel is. Goeie vordering is ook gemaak met die skep van katalogusrekords vir dié digitale versameling. Die plateversameling sal steeds behou word as meesterkopieë vir moontlike toekomstige herdigitalisering.

#### 2.2.5 Ontsluiting van bronne

Verskeie inisiatiewe is geneem om effektiewe toegang en beskikbaarstelling van inligtingsbronne vir kliënte plaaslik, nasionaal en internasionaal te verseker. 'n Voorbeeld hiervan is deelname aan 'n projek om duplikaatrekords op SACat van SABINET te verminder en om sodoende die standaard van die rekenaaromatige nasionale bibliografiese katalogus te verbeter.

Die versamelings van beide departemente Soölogie en Geografie is in die sentrale biblioteek opgeneem en die nodige aanpassings is op die rekenaaromatige katalogus aangebring. Daar is ook begin met die herkatalogisering van die versamelings van Frans en Wiskunde wat in die kompakte stoorarea geberg word om dit meer toeganklik te maak en ook na die oop rakke te kan skuif.

Die Katalogiseerafdeling het ook weer gedurende 2004 bygedra tot die uitbou van die nasionale bibliografiese databasis deur deelname aan SACat en direk tot die internasionale bibliografiese databasis, WorldCat, van die Online Computer Library Centre (OCLC).

'n Nuwe uitdaging vir die omgewing is die daarstelling en voortdurende aanpassing van beleid en prosedures vir die hantering en katalogisering van elektroniese bronne (boeke op sowel die Internet en in CD-Rom formaat) ten einde dié bronne maksimaal vir kliënte toeganklik te maak.

#### 2.2.6 Spesiale versamelings: Musiekbiblioteek

Die ordening en beskrywing van die uiters waardevolle Michael Scott-versameling van musiekmanuskripte en ou eerste drukke (uitgesluit die faksimilee-versameling) wat in die afdeling vir Spesiale Versamelings van die Musiekbiblioteek gehuisves word, en wat vir dekades bykans onbruikbaar was weens die ontoeganklikheid daarvan, is in 2004 afgehandel. Hierdie projek is verweselik deur die Departement Musiek se bewilliging van fondse vir die tydelike aanstelling van 'n kundige om die volledige versameling te orden en met behulp van die EndNote 5 sagtewareprogram te beskryf. Die fondse vir die aankoop van die program is ook deur die

Departement voorsien. Die toegang wat hiermee bewerkstellig is, hou nou groot moontlikhede vir nagraadse studie en navorsing in hierdie musiekskat in.


Goeie vordering is gemaak met die ontsluiting van die Arnold van Wyk-boekery (boeke en bladmusiek wat aan hierdie bekende Suid-Afrikaanse komponis behoort het) wat enkele jare gelede aan die Musiekbiblioteek geskenk is. Met die skep van bibliografiese rekords vir die boekery op die biblioteekdatabasis sal dit meer toeganklik vir gebruik deur navorsers wees.

## 2.3 Benutting van die voorraad

### 2.3.1 Databasisse

Die gebruikstatistiek van databasisse het in 2004 feitlik verdubbel met 420 167 volledige elektroniese artikels wat afgelaai is teenoor 243 000 in 2003. Dit sluit nie artikels in van tydskrifte waarvoor daar enkelsubskripsies bestaan nie. Die databasisse wat die beste benut is (Grafiek 1), is: Academic Search Premier (EbscoHost) - 140 307 soektogte; ScienceDirect - 135 813 soektogte; PscycInfo - 82 798 soektogte; Business Source Premier (EbscoHost) – 75 452 soektogte; SA ePublications – 67 774 soektogte; SA Studies - 48 342 soektogte; Web of Science - 33 134 soektogte; EconLit – 30 455 soektogte; Health Source (EbscoHost) - 23 406 soektogte en Emerald – 22 877 soektogte. Twee ander databasisse wat nie hier aangegee word nie, Pubmed (Medline) en ERIC (Opvoedkunde), se benutting is ook hoog, maar dié databasisse verskaf nie transaksie-statistiek per instelling nie.

### 2.3.2 Tradisionele media




Die gesamentlike uitreikings by die JS Gericke Biblioteek en die takbiblioteke het met 10% afgeneem in vergelyking met die totale aantal uitreikings van die vorige jaar (Grafiek 2). Die afname word toegeskryf aan 'n drastiese afname in Reserwe-uitreikings, waarna later verwys word, en 'n toename in die benutting van volteks elektroniese databasisse.

In die ooreenstemmende tydperk was daar 'n toename in die aantal hernuwings wat gedoen is. Dié styging word toegeskryf aan verbeterde administratiewe stelsels wat kennisgewings insluit wat kliënte voor die vervaldatum herinner om boeke terug te besorg of te hernu. Opleidingsessies tydens Nasionale Biblioteekweek wat selfhernuwings deur middel van die biblioteekrekenaarstelsel se "My library account" opsie bemark het, is 'n verdere bydraende faktor tot die algemene toename in hernuwings.


Reserwe-uitreikings, wat tydskrifte, koerante, boeke en gefotokopieerde materiaal insluit, het 'n skerp afname vanaf 337 065 items in 2003 na 127 837 in 2004 getoon. Dié afname van 62%

word veral toegeskryf aan 'n toename in die gebruik van leesbundels by departemente en die groter gebruik van WebCT. Uitleenstatistiek sal na verwagting gedurende 2005 verder afneem aangesien die meesgebruikte koerante by die JS Gericke Biblioteek in 'n leesarea beskikbaar gestel sal word en dus nie meer uitgereik sal word nie. Die beduidende afname in Reserwe-uitreikings is in lyn met die herbeplanning van die JS Gericke Biblioteek se Reserwe-afdeling en gaan met personeelherstrukturering gepaard.



### 2.3.3 Interlenings

Dit het tydens die jaarlikse konferensie van die Library and Information Association of South Africa (LIASA) in September aan die lig gekom dat daar landswyd 'n afname in interleningstransaksies ervaar word.



Interleningstransaksies het

ooreenstemmend hiermee in 2004 met 17% afgeneem ten opsigte van aanvrae vanaf eie kliënte en 23,5% ten opsigte van aanvrae vanaf ander biblioteke (Grafiek3). Laasgenoemde afname word gedeeltelik toegeskryf aan die onvolledige besittingsvermelding van items in die rekenaaromatige nasionale bibliografiese katalogus, SACat.

Die vernaamste redes hiervoor is sonder twyfel die toenemende toegang tot elektroniese bronne asook die gepaardgaande beperkende lisensievoorwaardes wat die uitruil van hierdie tipe materiaal aan bande lê. Daar word ook toenemend van vrylik-beskikbare inligting op die Internet gebruik gemaak.

Herstrukturering van dié afdeling by die JS Gericke Biblioteek is reeds onderweg deurdat personeel in 'n groter mate in die res van die Bronverskaffingsafdeling geïntegreer word en deurdat die interleningsdiens uitgebrei is om besitskontrole ten opsigte van elektroniese bronne uit te voer alvorens transaksies uitgevoer word. Die rol van interbiblioteeklenings sal voortdurend gemonitor en veranderings dienoreenkomstig aangebring word.

Hoewel daar minder interleningstransaksies in 2004 hanteer is, is 77% van die items wat aangevra is, suksesvol gelewer. Dit vergelyk baie goed met die syfers van 2002 toe slegs 56,3% van items wat aangevra is, suksesvol gelewer kon word.

### 3. KLIËNTEDIENSTE

#### 3.1 Bronverskaffing


Die Bronverskaffingsafdeling se doelstelling om kliënte sover as moontlik te bemagtig met selfhelpdienste en die voortdurende verbetering van dienste om bronbenutting te verhoog, was in 2004 weer eens geslaagd met 'n aantal inisiatiewe wat in dié verband geneem is.

##### 3.1.1 Selfuitreikeenheid (SUE)

Die verwelkomingsweek vir nuwelingstudente asook Biblioteekweek is aktief benut om die gebruik van die selfuitreikeenheid by die JS Gericke Biblioteek te bemark. Dit blyk dat dié poging vrugte afgewerp het met 28% van die totale aantal uitreikings wat tydens die verslagjaar by die Selfuitreikeenheid gedoen is. Dit is ook meer as 'n verdubbeling van die gemiddelde aantal transaksies per maand in vergelyking met die vorige jaar.

##### 3.1.2 Leningskenningsgewings aan kliënte

Voorafkenningsgewings omtrent die terugbesorging van uitgeleende biblioteekmateriaal word vanaf 2004 aan kliënte uitgestuur. Kliënte ontvang dus nou drie dae



voor die vervaldatum van 'n item 'n kennisgewing daaromtrent en dit stel hom/haar in staat om die item vroegtydig te hernu, indien verkies. Positiewe terugvoer hieromtrent is vanaf kliënte ontvang en weens die gepaardgaande afname in die uitstuur van aanmanings en rekeninge het dit ook 'n arbeidsbesparende gevolg vir die Biblioteekdiens. Om kliënte verder behulpsaam te wees, word 'n derde aanmaning 30 dae na die vervaldatum aan kliënte uitgestuur vir items waarvan die terugbesorgingsdatum reeds verval het. Alle korrespondensie aan kliënte omtrent biblioteeklenings word ook vanaf 2004 in sowel Afrikaans as Engels beskikbaar gestel.

### 3.1.3 Direkte interleningaanvrae

Interleningitems wat regstreeks deur kliënte op die Sabinet Online Magnet-stelsel aangevra word, het gedurende 2004 'n beduidende toename getoon. Dit is 'n direkte gevolg van 'n aktiewe poging deur die Bronverskaffingsafdeling om kliënte deur middel van een tot een opleiding en deurlopende ondersteuning met behulp van 'n brosjure en 'n kliënte-handleiding te bemagtig om hulle eie aanvrae te plaas.

### 3.1.4 Dienslewering aan nie-universiteitslede

Die getal privaat- en staatsgesubsidieerde of semi-staatsgesubsidieerde tersiêre instansies met betalende lidmaatskap by die Biblioteekdiens het in 2004 met 'n verdere drie lede gegroei, naamlik die Elizabeth Galloway Academy of Fashion Design, die Andrew Owen School of Art en die Exercise Teachers Academy (Stellenbosch). Die Stellenbosch Academy for Design & Photography en die Boland Kollege (Stellenbosch) het ook weer hulle lidmaatskap in 2004 hernu. Hierdie stelsel van betaling deur privaat tersiêre instansies is geïmplementeer om die grootskaalse gebruik van die Biblioteek deur dié instansies op so 'n wyse te orden dat dit dienslewering aan hulle vergemaklik en nie primêre kliënte benadeel nie. 'n Positiewe gevolg hiervan is dat die inkomste uit lidmaatskapfoeie teruggeploeg word in die bekostiging van tydelike biblioteekpersoneel, tot direkte voordeel van die Biblioteekdiens se primêre kliënte.

Die aantal individue wat jaarliks as betalende lede by die Biblioteekdiens aansluit, asook lede van die publiek wat die biblioteke gebruik, neem veral by sekere biblioteke van die Biblioteekdiens toe. So het besoeke deur lede van die publiek byvoorbeeld by die Musiekbiblioteek bykans verdubbel, met 'n styging van 451 besoekers in 2003 tot 749 besoekers in 2004.

Weens bovermelde groepe se onbekendheid met die verskillende biblioteektoepassings en –fasiliteite het dienslewering aan dié kliëntegroepe 'n groot impak op personeelreserwes by sowel

die JS Gericke Biblioteek as verskeie van die takbiblioteke, en sal dit toeneem soos personeelgetalle in die toekoms gaan afneem.

By die Universiteit van Stellenbosch Bellvilleparkkampus Inligtingsentrum (USBI) is 'n toegangsfooistelsel vanaf die middel van 2004 geïmplementeer. Dagbesoekers betaal nou 'n toegangsfooie van R50-00 per persoon asook 'n R30-00 deposito vir 'n toegangskarta.

### 3.1.5 Dienslewering aan CALICO-kliënte (JS Gericke Biblioteek)

Die totale aantal Stellenbosch studente en personeellede wat van die wederkerige uitleenooreenkoms met CALICO-biblioteke gebruik gemaak het, was 144 terwyl 94 CALICO-kliënte in die ooreenstemmende tydperk by die Biblioteekdiens geregistreer het. Daarenteen het 2 865 CALICO-kliënte die Biblioteek besoek sonder om noodwendig van uitleenvoorregte gebruik te maak. 'n Interessante tendens wat dus na vore kom en wat deur al die deelnemende biblioteke bevestig word, is dat CALICO-kliënte eerder 'n behoefte aan toegang tot die voorraad van die ander biblioteke binne die konsortium toon as 'n behoefte aan uitleenvoorregte.

## 3.2 Inligtingverskaffing

### 3.2.1 Navrae

Die afname in aanwysende en onderwerpsnavrae wat in die 2003 jaarverslag gerapporteer is, het in 2004 voortgeduur, met die uitsondering van die Musiekbiblioteek wat 'n toename van 611 navrae ondervind het. Dié toename word toegeskryf aan nie-universiteitslede wat toenemend van die Musiekbiblioteek gebruik maak.

In geheel word die algemene afname in navrae toegeskryf aan die oorvleueling tussen inligtingverskaffing en opleiding en strategiese inisiatiewe is reeds in plek gestel wat die tendens aanspreek. Groter klem sal voortaan geplaas word op statistiekhouding met betrekking tot opleiding terwyl rapportering van navraag-statistiek mettertyd uitgefaseer sal word.

### 3.2.2 Inligtingsgeletterdheid

'n Nuwe pos is aan die begin van 2004 in die lewe geroep om die inligtingsgeletterdheidsfunksie van die Biblioteekdiens te ontwikkel. Me A Maritz wat voorheen die vakbibliotekaris vir Opvoedkunde en Inligtingswetenskap was, is vir die pos aangewys.

Die pos behels die ontwikkeling, koördinerings en organisering van die opleidingsfunksie in die Biblioteekdiens, asook die integrering van opleidingsinisiatiewe met akademiese programme en skakeling met ander universiteitsdepartemente wat te doen het met inligtingsgeletterdheid, byvoorbeeld die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL). Die doel van al hierdie take is kliëntbemaagtiging en om kwaliteit te verseker.

'n Verskeidenheid inisiatiewe rondom inligtingsgeletterdheid is reeds in 2004 geloods ná die instelling van hierdie pos:

- Aanpassings aan die webgebaseerde inligtingsgeletterdheidsprogram van die Cape Higher Education Consortium (CHEC) om dit pasklaar vir US studente te maak
- Die ontwikkeling van die Getwise@URLibrary opleidingsaksies (kyk ook par. 3.2.4 Individuele kliënte-opleiding)
- Reëlins vir 'n WebCT-opleidingsprogram vir vak- en takbibliotekaris
- Die ontwikkeling van 'n nuwe Viewlets-opleidingsprogram in die gebruik van die biblioteek katalogus vir biblioteek kliënte
- Die ontwikkeling en aanbieding van 'n Internet-opleidingsprogram vir biblioteek personeel wat in 2005 na kliënte uitgebrei sal word
- Die ontwikkeling van 'n nuwe stelsel van statistiekhouding
- Die opstel van 'n pamflet, *Inligtingsgeletterdheid in die kurrikulum*, vir insluiting by die kursusmateriaal van die PRONTAK-program vir nuwe dosente.

Me A Maritz was ook in 2004 betrokke by die Universiteit se taakgroep gemoeid met sake rakende plagiaat.


### 3.2.3 Opleiding

Opleiding word as 'n strategiese prioriteit vir die Biblioteekdiens beskou en derhalwe word daar 'n besondere poging aangewend om soveel moontlike opleidingsgeleenthede vir kliënte te bied om effektiewe benutting van bronne en dienste te verseker. Daar is gedurende 2004 aan 8 215 persone by die JS Gericke Biblioteek en takbiblioteke opleiding verskaf in die gebruik van die biblioteek katalogus, naslaanwerke, databasisse en ander bronne en dienste. Die aantal persone wat per fakulteit opgelei is, word in Grafiek 5 hieronder uitgebeeld. Die getal sluit 1041 nie-universiteitslede, biblioteek personeel, leerders, studentehulp en akademiese ontwikkelingsgroepe in wat in die kategorie "nie-univ" aangedui word.

Byna alle voorgraadse studente in die Fakulteit Regsgeleerdheid is opgelei danksy 'n verpligte program in Regsvaardigheid wat by dié fakulteit ingestel is. Die inisiatief word as 'n deurbraak

beskou en die hoop word gekoester dat dié vorm van verpligte opleiding in inligtingsvaardighede by ander fakulteite sal posvat.

Met die toenemende klem op opleiding sal opleidingsfasiliteite in die toekoms opgeknep moet word om voorsiening te maak vir die behoefte aan groter bkale wat praktiese opleidingsessies kan akkommodeer.



#### 3.2.4 Individuele kliënte-opleiding

'n Nuwe strategie vir algemene opleiding van veral studente, waarmee die opleiding nommerpas aangebied word op 'n tyd wanneer dit vir hulle gerieflik is, is in 2004 geloods. Die opleiding word op 'n individuele basis aangebied, het 'n informele aanslag en word onder 'n studente-vriendelike slagspreuk, GetWise@URLibrary, bemark.

In Mei 2004 is die eerste Getwise-opleidingsaksie geloods waar Kliënte vir 'n periode van een week daaglik tussen 08:00 en 16:30 by 'n opleidingstalletjie kon aanmeld vir individuele opleidingsessies van ongeveer 10 minute. By hierdie geleentheid is daar gefokus op die gebruik van die biblioteekatalogus wat daarop gemik was om basiese soekvaardighede aan te leer soos hoe om boeke en tydskrifte in die biblioteekatalogus op te spoor, sleutelwoord soektogte te doen en soekresultate te verfyn. Opleiding in selfhelpdienste is ook op versoek aangebied.

Terugvoervorms is vir dié opleidingsessies vir sowel kliënte as opleiers ontwikkel en die terugvoer wat ontvang is, was so positief dat 'n verdere Getwise-opleidingsaksie rondom die gebruik van elektroniese tydskrifte en –databasisse in Augustus 2004 aangebied is. Die sukses van die



opleidingsessies het verseker dat hierdie formaat van opleiding verder in 2005 voortgesit sal word.

### 3.2.5 Ask a Librarian (QuestionPoint)

Die inligtingsverskaffingsfunksie is in 2004 verder uitgebrei met 'n elektroniese navraagdiens, Ask a Librarian, waarmee kliënte sewe dae 'n week, enige tyd van die dag of nag, navrae aan vakbibliotekaris kan rig.

Die Biblioteekdiens bied hierdie diens aan deur in te teken op QuestionPoint, 'n webgebaseerde stelsel wat deur die Library of Congress en die Online Computer Library Centre (OCLC) ontwikkel is. Dit is in 2004 saam met die Gauteng and Environs Library Consortium (GAELIC) as 'n loodsprojek vir QuestionPoint in Suid-Afrika hanteer. Pogings om van die ander biblioteke in die Cape Library Consortium (CALICO) vanaf 2005 by deelname aan hierdie diens te betrek, het misluk, maar daar is besluit dat die Biblioteekdiens en die GAELIC-biblioteke wel daarmee sal voortgaan.

'n Groot voordeel van QuestionPoint is dat navrae en antwoorde in 'n sogenaamde KnowledgeBase gevoer en gestoor kan word vir herhaalde gebruik en vir verdere aanvulling of opdatering van inligting of verwysings rondom die oorspronklike vraag, soos nodig. Die herwinning van die inligting geskied deur middel van 'n "google"-tipe soekenjin. Naas die plaaslike (Suid-Afrikaanse) KnowledgeBase, wat tans deur die Biblioteekdiens en die GAELIC-biblioteekgroep opgebou word, kan daar ook gebruik gemaak word van inligting wat in 'n internasionale ("global") KnowledgeBase gestoor word en wat deur 'n verskeidenheid deelnemende biblioteke wêreldwyd ingevoer word.

Tussen Mei en Desember is 769 navrae deur middel van dié elektroniese navraagdiens ontvang.

### 3.2.6 Studentebystandsdiens

Die gebruik van studente-assistente by die inligtingsdienspunt op die boonste vlak van die JS Gericke Biblioteek is in 2004 uitgebrei na die inligtingsdienspunt op die onderste vlak. Nege studente is gedurende die verslagjaar vir hierdie doel op 'n tydelike basis in diens geneem.

Die inligtingsdienspunt op die boonste vlak word daaglik tussen 08:00 en 22:00 op 'n rotasiebasis deur die studente-assistente beman en die inligtingsdienspunt op die onderste vlak, tussen 08:00 en 16:30. Hoewel die administrasie van die diens 'n hoë werkslading op die hoof


van die vakbibliotekarisafdeling plaas, het die indiensneming van studente die werksdruk van die vakbibliotekarisse verlig, wat meer tyd tot hul beskikking stel om waardetoevoegende dienste vir primêre kliënte te kan ontwikkel. Daarbenewens is daar vir studente veel waarde in 'n eweknie bystandsdienst deurdat daar meer vrymoedigheid en begrip tussen eweknieë bestaan met betrekking tot die hantering van algemene inligtingsprobleme.

### 3.2.7 Vakgidse

Die ontwikkeling van vakgidse op die tuisblad van die Biblioteekdiens het gedurende 2004 goed gevorder en slegs drie vakgidse is nog uitstaande, naamlik dié van Afrikatale, Inligtingswetenskap en Regsgeleerdheid. Daar word tans aan al drie hierdie vakgidse gewerk, asook aan die gids vir Geografie wat aangepas moes word na afloop van die trek van dié departementele biblioteek na die JS Gericke Biblioteek. Die volledige vakgidslis behoort dus vroeg in 2005 ten volle aktief te wees.

### 3.2.8 Dienste vir afstandstudente

Die tendens van 'n afplattung in die werklading ten opsigte van afstandsdienstlewering wat in 2003 begin het, het voortgeduur. 'n Verdere daling kan in 2005 verwag word as buitekampusstudente in staat gestel word om elektroniese databasisse self deur middel van die studentepoortaal ([www.maties.com](http://www.maties.com)) te raadpleeg.




Die afstandstudentediens is tot groot finansiële voordeel vir die Biblioteekdiens (Grafiek 6). Die 2003 surplus van R132 513.00 het opgeskuif na R206 473.00 in 2004. Die aantal aktiewe studente aan wie diens gelewer is, is 545 terwyl dit in 2003 net 427 was. Behalwe vir die gemiddelde uitgawes per kop wat gedaal het, toon die ander gemiddeldes per kop geringe verandering van 2003 na 2004 wat wys op 'n redelike stabiele situasie.

### 3.2.9 INFOBANK

INFOBANK se vernaamste doelwit, naamlik om finansiële groei te bewerkstellig deur middel van uitnemende dienslewering, het in die verslagjaar weer vrugte afgewerp met die toevoeging van dertien nuwe lede en die verhoging van inkomste uit addisionele dienste gelewer (Grafiek 7).

Die styging in addisionele dienste gelewer vanaf 2003 na 2004 is die grootste nog, naamlik R46 436-50 sedert die ontstaan van die dienseenheid. Inkomste wat uit addisionele dienste gegenereer word, is 'n aanduiding van werklike dienslewering (werkklading) en insette ten opsigte van personeeltyd. Hierdie styging is dus 'n groot mylpaal en 'n groot beloning vir INFOBANK-personeel.



### 3.2.10 Siggestremdes

Die Biblioteekdiens het gedurende die verslagjaar 'n skenking van twee DELL Optiplex GX260 Pentium 4 rekenaars met 17" monitors, luidsprekers en oorfone, en gelaai met Zoom Text- en Jaws-sagteware, vir gebruik deur swaksieende en blinde biblioteekklieënte onderskeidelik, in ontvangs geneem. Een rekenaar elk is uitgeplaas by die JS Gericke Biblioteek en die Musiekbiblioteek in die Konservatorium en is in beide biblioteke in die oop rekenaarareas vir gebruik beskikbaar gestel. Hierdie ruim skenking is moontlik gemaak deur die Lombardi-Trust en mnr J Louw van Humarga en vul 'n groot leemte in kliëntedienslewering by die Biblioteekdiens.

## 4. INFORMATIE-TEGNOLOGIE

### 4.1 Drukkerstelsel

Die toename in die benutting van elektroniese bronne en die wyer toepassing van WebCT deur studente het tot gevolg gehad dat die drukkertelsel (PhoPrint) nie meer voldoende was om die lading van drukwerk te hanteer nie. Gevolglik is daar vanaf 1 Maart 2004 'n nuwe drukkertelsel (Pcounter) by die JS Gericke biblioteek en takbiblioteke geïnstalleer om te voorsien in die groter

drukwerkbehoefte van die studente. Met die oorskakeling is drukkerstelsels tussen die Biblioteekdiens en die rekenaargebruikerareas gesinchroniseer. Die gepaardgaande nuwe profielkonfigurasies wat vir al die kliëntgeormerkte rekenaars geskep moes word, het verder bygedra tot beter stelselsekureit (teen misbruik en virusaanvalle) asook laer rekenaaradministrasie en onderhoud.

#### 4.2 Katalogus

Die gebruiker-koppelvlak van die rekenaarmatige biblioteek-katalogus het 'n gedaanteverwisseling ondergaan toe die stelsel se koppelvlak verander is van 'n sogenaamde "framed" na "frameless" formaat. Die nuwe formaat is meer gebruikersvriendelik en ook makliker om op 'n tegniese vlak te onderhou. Verpersoonliking van die koppelvlak het ook die soekfunksie verbeter en nuwe opleidingsmateriaal is terselfdertyd beskikbaar gestel om kliënte verder te ondersteun. Die nuwe formaat is allerweë goed ontvang.

#### 4.3 ALEPH-opgradering

Daar is in die loop van die jaar begin met die opgradering van die ALEPH-biblioteekbestuurstelsel (weergawe 14.2) na 'n nuwe verbeterde weergawe van die stelselprogrammatuur. Die nuwe weergawe (16.02) se gebruiker-koppelvlak is herontwerp en herkodeer in 'n programmeringstaal wat geskoei is op die Windows Foundation Classes programmatuur. Die nuwe weergawe van ALEPH verskaf beter integrasie met die Microsoft Windows bedryfstelsel en is gebaseer op 'n meer kompakte skermuitleg wat die hedendaagse tendens in stelselontwikkeling is. Die stelsel is finaal op 2 Januarie 2005 opgradeer en in gebruik geneem.

#### 4.4 Toerusting

Nuwe SUN rekenaartoerusting, wat met die Solaris bedryfstelsel werk, is aangekoop om voorsiening te maak vir die hoër verwerkingskrag wat die nuwe ALEPH-stelsel (16.02) vereis. Hewlett Packard (HP) toerusting met 'n beter ondersteuningskontrak en waarborg is aangekoop vir personeeldoelindes. Met die aankoop van dié beter kwaliteit toerusting is die dag-tot-dag administrasie van persoonlike rekenaars aansienlik verminder.

#### 4.5 Samewerking met die Afdeling Informasietegnologie

Samewerking op verskeie gebiede met die Afdeling Informasietegnologie het in 2004 voortgeduur. Voorbeelde hiervan is: die Citrix Metaframe projek; bestuur van toegang tot

elektroniese bronne op die Internet deur die LIB-PROXY bediener; bywoning van IT Kampusbedryfsvergaderings en die infasering van 'n nuwe drukkerstelsel.

## **5. STRATEGIESE AANGELEENTHEDE**

### 5.1 Personeelvermindingsprojek

Die Biblioteekdiens het aan die einde van die vorige verslagjaar die opdrag ontvang om die personeelkomponent met 'n teikenbedrag van R1,5 miljoen (Randwaarde van 2004) oor 'n periode van drie jaar te verminder. Kort na die eerste opdrag is die bedrag, weens 'n inkorting van die Universiteit se subsidie, met 'n verdere R300 000 vermeerder.

Die opdrag is as 'n geleentheid deur die Biblioteekbestuur aangegryp om die herstrukturering van die Biblioteekdiens, soos in die *Strategie vir die Millennium: 'n nuwe rol binne die globale inligtingswêreld* geformuleer, verdere momentum te gee deur die ontginning van geleenthede wat sedertdien ontstaan het. Na intensiewe werk van drie projekspanne, naamlik die Kliëntedienste, Tegniese dienste en Bestuursprojekspanne is 'n verslag met voorstelle vir die herstrukturering van die personeelkomponent in Julie 2004 aan die Viserektor (Navorsing), Prof WT Claassen, voorgelê.

Hierdie voorstelle sal egter gedurende 2005 uitgebrei moet word weens die aankondiging van 'n verdere personeelverminderingproses ter waarde van ongeveer R3 miljoen gedurende die periode Januarie tot Junie 2005, waarvan die detail gedurende die eerste semester van 2005 uitgewerk sal word.

### 5.2 Gehalteversekering

Goeie vordering is gemaak om gehalteversekering soomloos met biblioteekwerkzaamhede te integreer en om inisiatiewe in plek te stel wat die Biblioteekdiens in lyn hou met die oorhoofse strategie van die Universiteit.

Die ontwikkeling van 'n omvattende en geïntegreerde gehalteversekeringstrategie het gedurende die verslagjaar groot aandag geniet. Die Gebalanseerde Telkaart (Kaplan & Norton, 1990) is as strukturele model ingespan om 'n sikliese gehalteversekeringsstelsel te ontwerp wat op strategiese beplanning berus en vier organisatoriese dimensies aanspreek, naamlik: kliëntefokus, interne prosesse, innovasie en finansiële fokus. Die stelsel maak volledig voorsiening vir die gehalteversekeringskriteria wat deur die Higher Education Quality Committee (HEQC)

geïdentifiseer is. In dié verband is daar veral op die HEQC se Kriterium 4 gefokus met die klem op voldoende (“adequate”) ondersteuning van leer en onderrig. Tydens die ontwikkeling van indikatore is daar ook sterk gesteun op die aanbevelings van die Committee for Higher Education Libraries in South Africa (CHELSA). Met die oog op toekomstige eweknie-evaluerings is dit belangrik dat daar tussen hoër onderwys biblioteke konsensus is omtrent watter indikatore van belang is om gehalte te verseker.

Die Biblioteekdiens het ook teen die einde van die verslagjaar by die Noord-Amerikaanse Association of Research Libraries se LibQual+ geregistreer. Die resultate van hierdie kliënte-opname, wat deur LibQual+ statisties verwerk word en wat in ’n verskeidenheid verslae gerapporteer word, sal as belangrike getuienisdokumente vir selfevaluering kan dien. Die opname sal vir die eerste keer in die tweede semester van 2005 van stapel gestuur word en daarna op ’n gereelde basis herhaal word. Daar is ’n aantal ander hoër onderwys biblioteke in die land wat ook van LibQual+ gebruik gaan maak en wat dus die sinvolle vergelykings en eweknie-evaluerings tussen die instansies sal versterk.

## 6. BEMARKING

Die Afdeling: Beplanning en Bemarking is gedurende die verslagjaar goed gevestig en het op verskeie terreine bygedra om die sigbaarheid van die Biblioteekdiens te verhoog en om aktiwiteite, bronne en dienste effektief aan kliënte te kommunikeer. Voorbeelde hiervan is, onder andere:

- ’n Spesiale, gevarieerde program vir Biblioteekweek
- ’n Kwartaallikse elektroniese nuusbrief, Bibnuus
- Vestiging van die GetWise@URLibrary slagspreuk vir die bemarking van opleidingsgeleenthede, in samewerking met die Vakbibliotekarisafdeling
- ’n Pamflet, *Inligtingsgeletterdheid in die kurrikulum*, vir insluiting by die kursusmateriaal van die PRONTAK-program
- ’n Algemene brosjure vir die JS Gericke Biblioteek
- ’n Brosjure vir inligtingsdienste wat vir elke vakgebied aangepas kan word
- ’n Rondleidingsgids vir rondleidingsbesoeke aan die JS Gericke Biblioteek

Uitstallings wat in die loop van die jaar aangebied is, is die volgende:

- **Victorian painting**, Mnr DS Hendriksz (JS Gericke Biblioteek)
- **Africana: nuwe boeke**, Me M van der Merwe (JS Gericke Biblioteek)
- **Beskermde versameling: nuwe boeke**, Me M van der Merwe (JS Gericke Biblioteek)
- **Suid-Afrikaanse literatuur 1994-2004**, Me M van der Merwe (JS Gericke Biblioteek)

- **Eenheid vir Godsdienst- en Ontwikkelingsnavorsing (EGON)** (Teologiebiblioteek)
- **Dvorák**, Me F Bekker (Musiekbiblioteek)
- **Bookbinding**, Me A Schaafsma (JS Gericke Biblioteek)
- **Bram Fischer**, Mnr DS Hendriksz (JS Gericke Biblioteek)
- **Sheila Cussons**, Me M van der Merwe (JS Gericke Biblioteek)

## 7. MENSlike HULPBRONNE

### 7.1 Personeelomset

Die volgende personeellede het gedurende die verslagjaar uit diens getree:

- Prof JH Viljoen, Senior Direkteur, na 'n periode van 23 jare diens en 'n heraanstelling van vyf maande
- Mee A Ackerman en G Snyman, Katalogiseerafdeling
- Mnr PJC Dovey, Hoof: Informasietegnologie-afdeling
- Me SG Wolfaardt, Interleningafdeling

Nuwe aanstellings wat gemaak is, is:

- Mnr AB van Rooi, Hoof: Finansiële Administrasie-afdeling
- Mnr LG Munro, Programmatuurspesialis: Informasietegnologie-afdeling
- Me N Visser, Vakbibliotekaris (permanente aanstelling)
- Me J Arendse, Vakbibliotekaris (permanente aanstelling)
- Me A Schaafsma, Spesiale versamelings (ad hoc)
- Mnr SJV Muller, Spesiale versamelings (ad hoc)
- Mnr Q Hendriks, Bronverskaffing (ad hoc)

### 7.2 Opleiding en ontwikkeling

Personeellede van die Biblioteekdiens het gedurende 2004 hul kundigheid nasionaal en internasionaal met kollegas gedeel met referate en praktiese opleidingsessies wat aangebied is, naamlik:

- Mnr JPJ Engelbrecht, waarnemende Senior Direkteur lewer 'n referaat met die titel "The changing of the guard: moving from print to e- with a new financial model" by beide die

International Association of Technological University Libraries (IATUL) konferensie in Krakow, Pole en by die "Crimea 2004" konferensie in die Oekraïne, Rusland.

- Me I de Lange, hoof van die Bestelafdeling lewer 'n referaat met die titel "Purchasing non-trade and out of print material" by die "3rd Southern African Library Acquisitions Conference" in Pretoria.
- Mnr WK Klapwijk, hoof van die Informasietegnologie-afdeling lewer 'n referaat oor die "Stellenbosch South Africa LOCKSS project" by die "Open Access conference" in Pretoria.
- Me JF Lourens, Katalogiseerafdeling, tree op as mede-aanbieder van 'n praktiese opleidingsessie by die "Advanced workshop on bibliographical standards" in Pretoria.

Die volgende personeel het nasionale en internasionale professionele geleenthede bygewoon:

- "Workshop on the Open Archive Initiative (OAI)" (Geneva, Switzerland) – Me A Els
- LIASA Support Staff Interest Group: "Circulation training for Calico support staff" – Me TW Jooste, mnr EJ Jacobs en mnr I Jacobs
- MARC 21 beginnerskursus (Stellenbosch, telematies) – Mee AMM Swanepoel, N Moore, S Kloppers en S Keet
- Special Libraries & Information Services Group (SLIS) / Organisation of South African Law Libraries (OSALL) konferensie (Sandton) – Me M Heese
- South African Research and Information Services (SARIS) werkswinkel (Stellenbosch) - Mee E Nolte, A Els, EJ van Wyk, M Terblanche, H Swart, MM van Wyk, A Maritz, D Pretorius en mnre PG du Plessis, JJ Mouton en S Fredericks
- Frankfurtse Boekeskou en 'n besoek aan die Katolieke Universiteit van Leuven se Aarenberg kampus – Mnr JJ Mouton
- LIASA: Jaarlikse nasionale konferensie (Polokwane) – Mnre JP Engelbrecht en DG Mostert, mee T Britz en AS Schoeman
- LIASA Wes-Kaapse tak in samewerking met die VSA Ambassade: "Are you a library advocate? Marketing and promoting your library" (Kaapstad) – Mee AJ Arendse, M Heese, LC Schoombee en M Roux
- "Sabinet Online Client Conference" (Kruger Nasionale Park) – Mnr JP Engelbrecht
- Interest Group for Bibliographic Standards (IGBIS) : "Advanced Workshop on Bibliographic Standards: responding to changing needs" – Mee H Lourens, J Labuschagne, K Krige, M Bergh en S Trent
- Skryfskool vir skakelwese (Stellenbosch) – Me M Roux
- "Open Access Scholarly Communication Project" (Pretoria) – Me A Els, mnre JJ Mouton en WK Klapwijk



- North American Aleph Users Group (NAAUG) konferensie (Massachusetts, VSA) – Mnr WK Klapwijk
- ABSA: "Change management" kursus - Mee E Nolte, D Pretorius en A Els
- "Off the shelf workshop" (Universiteit van Kaapstad) – Me MI Kritzinger
- LIASA (Western Cape Higher Education Interest Group): "Information literacy workshop" – Mee S Botha, LA Coetzee, A Maritz, E Nolte, D Pretorius, EJ van Wyk, N Visser, H Swart
- Southern African Library Acquisitions Conference (SALAC) (Pretoria) – Mee I de Lange en AMM Swanepoel.

Voorts het vier-en-neëntig personeellede die diversiteitsopleidingskursus wat deur die Universiteit se Menslike Hulpbronne afdeling aangebied is, deurloop. 'n Groot aantal personeel het ook produkdemstrasies en opleidingsgeleenthede van databasisverskaffers bygewoon en verskeie terugrapporteringssessies is aangebied om kennis wat by opleidingsgeleenthede verwerf is met ander personeellede te deel.

'n Volledige opname van personeelontwikkeling en –opleiding is gedurende 2004 gedoen en op 'n interne databasis sowel as op die sentrale personeelontwikkelingstelsel van die Universiteit vasgelê. Hierdie stelsel behoort 'n belangrike rol te speel om vaardigheidsontwikkeling van personeel te verbeter.

### 7.3 Spesiale erkenning

Die volgende spesiale erkennings is in 2004 aan personeellede van die Biblioteekdiens gemaak:

- Me A Wessels ontvang die rektorstoekenning vir voortreflike diens, onder andere vir haar bydrae tot die suksesvolle implementering van die *"Strategie vir die Millennium: oorskakeling na die elektroniese inligtingsomgewing"*.
- Mee A Maritz en M Terblanche en mnr DG Hendriksz ontvang langdiens-toekennings vir 25 jaar diens aan die Universiteit.
- Mnr HH Wirth, wat in 2001 met pensioen uit diens getree het en sedertdien op 'n tydelike basis herangestel is, het op 4 Desember 'n besondere mylpaal bereik deurdat hy op dié datum 40 jaar ononderbroke in diens van die Universiteit was.
- Me SG Wolfaardt verwerf die MPhil (Inligtingwetenskap) graad cum laude.
- Me LA Adams verwerf die BTech (Biblioteek- en Inligtingkunde) graad.
- Mnr I Jacobs verwerf 'n Senior Sertifikaat.

### 7.4 Prestasiebestuur

Daar is goed gevorder met die implementering van die nuwe prestasiebestuurstelsel by die Biblioteekdiens deurdat die prestasie-areas vir nuwe werksooreenkomste vir alle personeel met die hulp van Braxton Consultancy gedurende 2004 voltooi is. Alle senior en middelvlakbestuurders is ook opgelei in die gebruik van die nuwe stelsel.

## **8. SIMPOSIUM**

Die Biblioteekdiens se sewende agtereenvolgende simposium is op 28 en 29 Oktober by die JS Gericke Biblioteek aangebied.

Die titel van die simposium was "Getting beyond the starting blocks: quality assurance issues at academic libraries". Dié onderwerp is tans in Suid-Afrika van besondere belang omdat hoër onderwys instellings vir die eerste keer institusionele oudits in die gesig staar. Akademiese biblioteke moet tydens die vierjaarlikse oudit bewys lewer van hulle ondersteuningsrol in die verwesenliking van institusionele doelwitte met betrekking tot leer en onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens.

Van die sprekers was: prof P Hernon, Simmons College, Boston (VSA), dr M Carroll, Australian Universities Quality Agency, Melbourne (Australië), mnr S Town, Cranfield University (Verenigde Koninkryk) en prof B Thompson, Texas A & M University, Texas (VSA).

Dr P Naidoo, Direkteur: Akkreditasie van die Council on Higher Education (CHE) het 'n besonder waardevolle bydrae gelewer met 'n lesing waarin hy die vereistes van die Hoër Onderwys Kwaliteitskomitee (HEQC) uiteengesit het en dié liggaam se gesigspunte verduidelik het. Prof J Botha van Akademiese beplanning en gehalteversekering by die US, wat ook een van die simposiumorganiseerders was, het 'n lesing oor die selfevaluering van leer- en onderrigprogramme aangebied.

## **9. BIBLIOTEKKOMITEE**

Die Biblioteekkomitee van die Senaat het in 2004 op 26 Mei en 29 Julie vergader. Dié komitee, wat dien as mondstuk van die Biblioteekdiens om sake wat die breë kampusgemeenskap raak aan die Senaat te kommunikeer, het hoofsaaklik aan die volgende sake aandag geskenk:

- Die Personeelherstruktureringprojek 2004-2006
- Die verslag van die taakgroep insake 'n toedelingsmeganisme vir biblioteekbronne

Die lede van die Biblioteekkomitee gedurende 2004 was die Viserektor (Navorsing), prof WT Claassen (Voorsitter), die Viserektor (Onderrig), prof HR Botman, proff JH Viljoen, WH van Zyl, B de Villiers, J Kinghorn, Y Waghid, WR Gevers, JE du Plessis, JL van Niekerk, S Klopper en mnre J Engelbrecht (Sekretaris), P Kloppers en L du Plessis (Voorsitter: Akademiese Belangeraad).

## **10. FASILITEITE**

### 10.1 Gesondheidswetenskappe Biblioteek

Die biblioteek is in 2004 gevef, blindings is geïnstalleer en meubels is gerestoreer. Die oopvloerarea wat nege rekenaars vir gebruik deur kliënte huisves, is vergroot deur die afbreek van 'n bestaande luisterkamer. Dit het heelwat addisionele spasie meegebring vir toekomstige uitbreiding van die rekenaararea. Twee kleiner luisterkamers naby die tydskrifmagasyn is omskep in een groot luisterlokaal.

'n Toegangsbeheerstelsel is aangekoop en geïnstalleer en kliënte sal na aktivering oor 'n US identiteitskaart moet beskik om toegang tot die biblioteek te kry. 'n Interkomstelsel is egter by die toegangsbeheeringang aangebring vir besoekers of kliënte wat nie oor 'n US identiteitskaart beskik nie. Die ingang sal deur middel van 'n beheerknoppie oopgemaak kan word. 'n Nuwe alarmstelsel is ook vir die biblioteek aangekoop en geïnstalleer.

### 10.2 Bronverskaffingsafdeling: JS Gericke Biblioteek

Interne verskuiwings by die Uitleen en Reserwe-afdelings is aangebring om die twee areas in een groot area te herorganiseer wat dit vir personeel vergemaklik om tussen die twee areas te kan beweeg om kliënte te kan bedien. Dit is genoodsaak deur die vermindering van personeel wat meegebring het dat personeel meer geredelik tussen die verskeie dienslewingsfunksies in die afdeling aangewend moet kan word.

Die Reserwe-afdeling is terselfdertyd opgradeer met die aankoop van nuwe tydskrifte-rakke en 'n herindeling van die reserwe-versamelings, wat die verkeersvloei van kliënte in die afdeling aansienlik verbeter het. Nuwe koerantstaanders is ook aangekoop en in die leesarea geplaas waar van die meesgebruikte koerante nou daaglik uitgeplaas word en waar kliënte die koerante in gerief, en sonder vooraf uitreiking by die reserwe-afdeling, kan lees. Die terminering van die uitreiking van die grootste persentasie koerante is baie arbeidsbesparend. Nuwe rakke vir nuwe boekaanwinste is ook aangekoop en in die leesarea geplaas. Nuwe aankope word nou baie ordeliker en meer gebruikersvriendelik uitgestal.

### 10.3 Teologiebiblioteek

Met die herinrigting van die deurnagstudielokaal by die Teologiebiblioteek in 'n rekenaargebruikersarea (RGA) is die groot tussenvlak in die biblioteek, wat tot dusver redelik onderbenut was, heringerig in 'n studie-/leesarea en word nou goed benut, veral gedurende eksamentye. Die toegangsbeheermaatreëls by die biblioteek is opgegradeer met 'n webgebaseerde sekuriteitskamera, wat by die voordeur geïnstalleer is. Dit is 'n verdere opgradering van die toegangsbeheer van die biblioteek aangesien persone by die voordeur van die biblioteek nou hiermee geïdentifiseer kan word. 'n Nuwe lugreëlingstelsel is ook by die biblioteek geïnstalleer.

### 10.4 Ingenieursbiblioteek

'n Nuwe lugreëlingstelsel is by die uitleen- en gebruikersarea van die biblioteek geïnstalleer.

\* \* \*